

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Farmsecure Livestock (Edms) Bpk v Absa Bank Bpk en Anders (772/2012) [2012] ZAFSHC 44 (22 March 2012) [2012] ZAFSHC 44

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

J.Y. Claasen

CASE / FILE NUMBER

772/2012

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer: 772/2012

In die aansoek van:-

FARMSECURE LIVESTOCK (EDMS) BEPERKApplikant

en

ABSA BANK BEPERK1ste Respondent

BENJAMIN PETRUS VAN NIEKERK N.O.2de Respondent

MARIA VAN NIEKERK N.O.3de Respondent

(Tweede en Derde Respondente in hul

Hoedanighede as trustees van die BENNIE

VAN NIEKERK BOERDERY TRUST, IT 119/2001)

JAN STEPHANUS HUGO4de Respondent

DIE BALJU VAN DIE HOOGGEREGSHOF

EN LANDDROSHOF, DISTRIK WINBURG

(MNR P.W. SMITH)5de Respondent

AANGEHOOR OP: 8 MAART 2012

UITSPRAAK DEUR: CLAASEN, WND R

GELEWER OP: 22 MAART 2012

- [1] Applikant is Farmsecure Livestock (Edms) Beperk en die eerste respondent Absa Bank Beperk, die tweede en derde respondente is Benjamin Petrus van Niekerk N.O. en Maria van Niekerk N.O. die trustees van die Bennie Van Niekerk Boerdery Trust, die vierde respondent is Jan Stephanus Hugo en die vyfde respondent is die Balju van die Hooggeregshof en Landdroshof, distrik Winburg (Mnr. P.W. Smith). Hierna word na applikant as Farmsecure verwys, eerste respondent as Absa Bank en tweede en derde respondent as die trust. Farmsecure doen aansoek vir onder andere die volgende bevel dat al die respondente verbied word om te handel met enige van die beeste wat gemerk is met applikant se geregistreerde brandmerk, en waarvan applikant die eienaar is; die respondente verbied word om enige bees van die plaas Mandalay te verwyder, om enige bees wat gemerk is met applikant se geregistreerde brandmerk wat in die respondente se besit is, maar nie op die plaas Mandalay aangehou word nie, sonder versuim na gemelde plaas terug te neem en dat die respondente, wie ook al in besit en beheer van sodanige bees is, met applikant se geregistreerde brandmerk, gelas word om dit aan die applikant te oorhandig. Die applikant vermeld in par. 2.1 dat die bevel handel met beeste wat gemerk is met applikant se geregistreerde brandmerk “en waarvan die applikant die eienaar is” maar in die balans van die bedes word nie verwys na die sinsnede “en waarvan applikant die eienaar is” nie, maar spreek dit vanself dat dit slegs dié beeste is wat die brandmerk van applikant dra en waarvan die applikant die eienaar is. Die kern van die geskil gaan juis oor eienaarskap van die betrokke beeste.
- [2] Vir sy aanspraak op eienaarskap van die beeste wat met Farmsecure se brandmerk gemerk is, steun Farmsecure op ‘n ooreenkoms wat met die trust op of omtrent 21 Julie 2010 te Senekal gesluit is. Die terme van die ooreenkoms waarop Farmsecure steun, is dat die trust vee namens Farmsecure aankoop en dat Farmsecure dan hierdie koopprys betaal. Die trust sal egter te alle tye optree as ‘n onafhanklike kontrakteur en daar bestaan geen agentskap en/of vennootskap en/of diensverhouding tussen Farmsecure en die trust nie. Die terme van die ooreenkoms verwys inderdaad daarna dat die vee wat aldus aangekoop is die eiendom van Farmsecure is en dat die vee versorg sal word en alle risiko van die vee op die trust oorgaan. Daar word verwys na ‘n voorgeskrewe ooreenkoms wat hierdie aankope raak, naamlik aanhangsel “X1” tot die kontrak, maar is dit nie by die stukke aangeheg nie.
- [3] Opsommenderwys is Farmsecure se saak dat die trust ooreenkomstig die bepalings van die ooreenkoms beeste ingekoop het, waarvoor Farmsecure betaal het op ‘n spesifieke faktuur en dat die applikant gevolglik die eienaar van elke sodanige bees geword het.

- [4] Farmsecure het verder Mnre. Global Collateral Control aangestel wat maandeliks die applikant se plase besoek het en die beeste wat met Farmsecure se brandmerk gemerk is, getel het. Sodanige telling is op 18 Januarie 2012 gehou en het aangetoon dat daar 6 897 bees met applikant se brandmerk op die trust se plaas is.
- [5] Volgens Farmsecure mag die trust enige ander vee aangehou het nie, sonder Farmsecure se spesifieke vooraf skriftelike magtiging nie. Indien dit wel gebeur, moes sodanige bees duidelik afsonderlik geïdentifiseer word sodat dit onderskeibaar is van applikant se brandmerk.
- [6] Dit is gemeensaak dat die trust nie oorkomstig die ooreenkoms opgetree het nie. Dit is gemeensaak dat alle bees wat op die trust se plaas is, gebrandmerk met Farmsecure se brandmerk vir doeleindes van die nakoming van die bepaling van die Wet op Veebrandmerke, 87 van 1962, deurdat geen persoon 'n bees mag besit of met 'n bees handel as sodanige bees nie behoorlik gebrandmerk is nie.
- [7] Dit blyk dat toe die Balju saam met Absa by die trust se plaas opgedaag het, die Balju op alle vee beslag gelê het en dit aan Absa oorhandig het. Dit is gemeensaak dat die betrokke bees fisies in die trust se besit en onder die trust se beheer en kontrole was.
- [8] Alvorens Farmsecure die aansoek geloods het, was daar korrespondensie tussen die prokureurs van Farmsecure en Absa. Farmsecure het daarin sy standpunt bevestig dat hy te alle tye die eienaar van die vee was, wat gebrandmerk was met Farmsecure se brandmerk. Die getalle word ook genoem wat aantoon welke vee aldus gemerk is. Hulle maak derhalwe aanspraak op Farmsecure se eiendomsreg ten aansien van alle vee wat met Farmsecure se geregistreerde geïdentifiserende brandmerk gemerk is. Die prokureur van Absa Bank het gereageer en versoek dat alle afskrifte van fakture van vee wat namens of deur die trust aangekoop is, bewys van betaling van sodanige faktuur asook fakture van alle vee wat intussen geslag is, aan die prokureur te lewer vir oorweging en erkenning van die Farmsecure se eiendomsreg. Tot op hede het geen sodanige dokumentasie na vore getree nie. In 'n verdere skrywe is voorgestel dat daar 'n praktiese reëling getref moet word tussen alle belanghebbendes, weens die verskillende aansprake, met betrekking tot die hantering van vee wat gereed is om geslag te word. Tot op datum kon daar geen praktiese reëling tussen die partye aangegaan word nie.
- [9] Op 23 Februarie 2012 is 'n tussentydse bevel uitgereik wat Absa Bank belet het om te handel met enige van die beeste wat gemerk is Farmsecure se geregistreerde brandmerk.
- [10] In die opponering van Farmsecure se aansoek, meld Absa dat soos blyk uit aanhangsel "C1" tot aansoek 705/2012 die trust vee aangekoop het by G.B. Verster en ook uit verdere aanhangsels "AB1" tot "AB14" is daar vee vanaf verskillende verkopers ontvang, waarvan die trust persoonlik telkens die koper van die vee was.

- [11] Absa meld dat daar op 1 Desember 2011 R16 229 907,90 aan die trust geld gelewer is vir betalings van fakture “AB13” en “AB14” asook ‘n staving van die aankope wat die trust met hierdie geld gemaak het as aanhangsels “AB15” tot “AB85”. Dat Absa nog nooit enige faktuur gesien het waarvan Farmsecure geïdentifiseer word as die eienaar van enige vee nie. Dit is Absa Bank se saak dat die ooreenkoms tussen Farmsecure en die trust bloot ‘n gesimuleerde ooreenkoms is, in die sin dat dit ‘n blote finansieringsooreenkoms is waar gepoog word om eiendomsreg as sekuriteit vir Farmsecure te vestig.
- [12] Absa bevestig dat ander aanspraakmakers op die vee op dieselfde wyse uitgenooi is en dat sekere persone soos byvoorbeeld CMW Elite van die geleentheid gebruik gemaak het om hulle vee uit te wys. So ook Mnre. Verster, maar word weereens bevestig dat alle vee met Farmsecure se brandmerk gemerk is.
- [13] In aansoek 705/2012 bevestig die trust dat sommige beeste inderdaad die eiendom van die trust is en dat 600 tot 700 bees die eiendom van ander verkopers is; dat alle vee gemerk is met Farmsecure se brandmerk maar nie om aan te toon of te identifiseer dat dit Farmsecure se beeste is nie.
- [14] Absa meld dat Mnre Vleissentraal (Edms) Bpk aangestel was om maandeliks die beeste te tel en dan aan Absa verslag te doen. Daar word dan verwys dat in hierdie opname en soos blyk uit aansoek 705/2012 aanhangsels “X” tot “X3” en wat daar vermeld is deur die trust dat Farmsecure se beeste geskei is van die beeste waarin Absa ‘n belang het, klaarblyklik ‘n valse voorstelling teenoor Absa Bank was.
- [15] Dit word derhalwe ontken dat Farmsecure die eienaar van die vee geword het of dat die aanbring van die brandmerk aanduidend is dat die beeste met Farmsecure se brandmerk die eiendom van Farmsecure is. Dat die meerderheid van die vee meerdere brandmerke dra en nie net die brandmerk van Farmsecure nie; dat Farmsecure nooit enige bedoeling gehad het om ‘n voerkraal te bedryf nie, maar bloot as finansierder van die trust opgetree het met die oogmerk om die vee as sekuriteit vir die finansiering te verkry.
- [16] Wat die veiling van die vee betref, was dit deurgaans deur die trust aan Absa voorgehou dat dit die trust se beeste is. Volgens die veiling advertensie was dit ook nie slagbees nie, maar aantelvee wat op hierdie veiling verkoop sou word.
- [17] Behalwe die eerste betaling van R16 229 907,80 is daar op 15 Desember 2011 ‘n verdere bedrag van R6 373 647,22 aan die trust oorbetal en ‘n verdere bedrag op 5 Januarie 2012 ten opsigte van R2 256 937,06 vir vee wat die trust aangekoop het en ooreenkomstig die fakture uitbetaal is. Die trust het dan voorts voortdurend in al sy state aangetoon dat die lewende hawe die eiendom van die trust is. In die opponerende stukke word Farmsecure en hul prokureur ook uitgenooi om hulle aansprake te kom bevestig, aangesien niesteenstaande die skriftelike uitnodiging om die vee te kom inspekteer, daar geen gevolg gegee is nie. Indien daar aangetoon sou word dat Farmsecure die eienaar van enige van die vee is, selfs die wat geslag is, dan sal die opbrengs uit die aard van die saak Farmsecure toeval.

- [18] In opsomming is Farmsecure se aanspraak op eiendomsreg baseer op die brandmerk en die ooreenkoms. Daar is geen stukke of verdere aanduiding waarom die applikant sy aanspraak op eiendomsreg vestig nie.
- [19] Die trust toon aan dat die dokument waarop Farmsecure steun, nooit implementeer is nie. Dokumente wat by die betrokke ooreenkoms, aantonende hoe die koopkontrole van bees moes uitsien, is nie aangeheg nie. Dit is byvoorbeeld dokument "X1" en dieselfde vir dokument "X2" wat die konsep herverkoop-ooreenkoms veronderstel is om te wees. Die trust verduidelik hoe die transaksies in die praktyk geskied het. Die trust het vee by verskeie persone of instansies aangekoop sonder dat Farmsecure enigsins geken of hulle toestemming verkry is. Die verkoper het 'n faktuur uitgereik, soms is eiendomsreg voorgehou tot betaling ontvang is, die trust het die koopprys betaal en is in besit van die vee geplaas. Sodra 'n noemenswaardige getal vee aangekoop is, is 'n veeartsverslag bekom wat aan Farmsecure gestuur is en het Farmsecure dan teen bepaalde ooreengekome Rand per kilogram die bedrag aan die trust betaal. Daar was nooit enige besitsoordrag, die enigste besitsoordrag het plaasgevind toe die trust die vee by verskillende boere aangekoop en betaal het en dit aan die trust gelewer is. Die balans was bloot net papierwerk. Farmsecure het nooit die vee hanteer of dit eers gesien nie, selfs totdat dit uiteindelik verkoop is.
- [20] Die ooreenkoms was dan dat die trust aan Farmsecure na 210 dae terugbetaal. Wat die bepaling van die koopprys betref, het daar 'n bepaalde formule gegeld en was dit hoegenaamd nie die heersende beespryse of het die heersende beespryse nie 'n effek op hierdie prys gehad nie. Die trust bevestig dan dat die transaksie 'n gewone leningstransaksie was wat gesimuleer is as 'n kooptransaksie met die vee as sekuriteit. Die trust bevestig dat alle vee met applikant se brandmerk gemerk is, bloot ten einde aan die wetlike vereistes te voldoen dat alle vee met 'n brandmerk gebrand moet wees; dat die eiendomsreg van die beeste op die trust se plaas nie bepaal kan word by wyse van hierdie brandmerk nie. Baie bees het ook moontlik meer as een brandmerk; dat die wyse van finansiering net so gewerk het soos wat Absa vir die trust finansier het.
- [21] Wat die telling van die vee betref, word dit ontken dat die vee ooit fisies getel is. Dit word alles rekenaarkundig gedoen. Die verteenwoordiger van Farmsecure het bloot slegs telkens die trust se verteenwoordiger gevra hoeveel beeste daar op die plaas is en dan het die verteenwoordiger hierdie inligting vanaf die rekenaar aan Farmsecure se verteenwoordiger verskaf. Data mag ook nie stiptelik ingevoer wees en is dit ook nie 'n absolute syfer telkens oor wat die rekenaar reflekteer nie. Dit reflekteer slegs die jongste data nadat die laaste data in die rekenaar ingevoer is.
- [22] Wat die veiling betref, meld die trust dat 'n maatskappy Zelby 2182 (Edms) Beperk eienaar was van stoetvee wat daarop verkoop is en dat die opbrengs van die stoetvee by die prokureurs van Absa Bank in trust inbetaal is. Daarom het Absa Bank nie aanspraak op die vee nie.

[23] In repliek word die weergawe van die trust, oor hoe die transaksies in die praktyk hanteer is, nie deur Farmsecure ontken nie.

[24] Die kern van die probleem wentel oor die vraag van eienaarskap van die vee. Het Farmsecure op die stukke 'n saak uitgemaak dat Farmsecure eienaar van die betrokke vee met sy brandmerk, geword het?

[25] Van der Merwe in Sakereg meld die vereistes vir eiendomsoorgang. Die volgende vereistes word gestel:

(i) Die saak moet regtens vir eiendomsreg vatbaar wees;

(ii) Die oordraer moet regtens bevoeg wees om eiendomsreg oor te dra;

Die ontvanger moet regtens bevoeg wees om eiendom van die saak deur oordrag te verkry;

Die partye moet die bedoeling hê om die eiendom van die saak oor te dra asook die bedoeling om die saak te ontvang;

Daar word soms in ons reg 'n *iusta causa* vir eiendomsoorgang vereis, byvoorbeeld 'n koopkontrak, ruilkontrak, skenkooreenkoms, ensovoorts;

Vir eiendomsoorgang ingevolge 'n koopkontrak word vereis dat die koopprys betaal moet word of dat krediet of sekuriteit vir die betaling daarvan verleen is;

Vir eiendomsoordrag moet 'n lewering plaasvind. By roerende sake, waaroor dit hier gaan, moet lewering vanaf die een persoon na die ander persoon, plaasvind.¹

[26] Absa Bank verwys na gesag wat bevestig dat die verkoper van die vee aanvanklik eienaar van die vee moet wees op die stadium wat die beweerde kooptransaksie en lewering plaasgevind het: *TRUST BANK VAN AFRIKA BPK v WESTERN BANK BPK EN ANDERE NNO* 1978 (4) SA 281 (A) op 301; *MEYER NO v TRANSVAAALSE LEWENDEHAWE KOÖPERASIE BPK EN ANDERE* 1982 (4) SA 746 (A) op 765 H; *NEDCOR BANK LTD v ABSA BANK LTD* 1998 (2) SA 830 (WLD) op 832 F.

Voorts dat die betrokke partye, met lewering, die bedoeling moes gehad het om die eiendomsreg in die vee oor te dra, asook die bedoeling van Farmsecure om eienaar van die vee te word – *GROENEWALD v VAN DER MERWE* 1917 AD 233 op 238 – 239; *WEEKS AND ANOTHER v AMALGAMATED AGENCIES* 1920 AD 218 op 230 – 231; *R v MARKINS MOTORS (PTY) LTD AND ANOTHER* 1959 (3) SA 508 (A) op 512.

[27] “Volgens ons reg gaan die eiendomsreg op 'n roerende saak op 'n ander oor waar die eienaar daarvan dit aan 'n ander lewer, met die bedoeling om eiendomsreg aan hom oor te dra, en die ander die saak neem met die bedoeling om eiendomsreg daarvan te verkry. Die geldigheid van die eiendomsoordrag staan los van die geldigheid van enige onderliggende kontrak.”²

- [28] “Blote ooreenkoms kan dus nie eiendomsreg oordra nie - traditio (oorhandiging) moet ook geskied; en omgekeer, blote oorhandiging is ook nie voldoende nie – dit moet gepaard gaan met ‘n ooreenkoms tussen die oorhandiger en die ontvanger dat daarmee eiendomsreg gegee en geneem word... dat traditio neerkom op ‘n besitsoordrag – hetsy met ‘n verskuiwing van die regstreekse, daadwerklike beheer van een persoon na ‘n ander, hetsy daarsonder. In laasgenoemde geval geskied daar geen verandering van ‘n persoon wat die regstreekse beheer betref nie maar daar vind tog ‘n besitsverskuiwing plaas deur ooreenkoms, op grond van toepassing van die leerstuk van onmiddellike besit. Om eiendomsreg van ‘n roerende saak oor te dra moet daar dus die nodige saaklike ooreenkoms wees (soos hierbo genoem) en ook traditio in die sin van die vorige paragraaf verduidelik.”³
- [29] Mnr. Zietsman het gesteun dat lewering plaasgevind het ooreenkomstig constitutum possessorium. Vir hierdie vorm van lewering vind daar geen fisiese lewering plaas nie, byvoorbeeld A verkoop sy motor aan B en die partye kom ooreen dat A voortaan die motor as huurder kan hou ooreenkomstig ‘n huurooreenkoms.⁴ Vir constitutum possessorium is die vereistes dat die vervreemding van die roerende saak voor vervreemding eienaar daarvan was en dat die vervreemder ophou om dit in sy eie naam en besit te hou en moet hy dit namens die nuwe verkryger behou. Die verkryger moet toestem dat die saak aan die vervreemder afgestaan word en ‘n duidelik causa word vereis ooreenkomstig waarvan die vervreemder voortaan die saak besit en beheer. Hierdie vereistes word streng toegepas om rede dit maklik ‘n skynttransaksie daar kan stel vir ander oorwegings, soos byvoorbeeld sekuriteit. Volgens die huidige stukke het die trust nooit die bedoeling gehad om die vee aldus te hou of in eiendomsreg aan Farmsecure oor te dra nie.
- [30] As alternatief het Mnr. Zietsman voorgehou dat Global Collateral Control wat maandeliks die opgawe kom maak het op die trust se plaas, en soos vermeld, bloot ‘n uitdruk van ‘n rekenaar gekry het, dit namens hulle in besit geneem het. Daar is egter geen saak in die stukke vir hierdie aard en beskrywing van eiendomsoorgang uitgemaak nie.
- [31] Oorspronklik het Mnr. Zietsman in sy hoofde op artikel 17 van die Wet op Veebrandmerke, 87 van 1962, as synde dat dit deur Wetgewing prima facie eiendomsreg in die houer van die merk setel. In argument het Mnr. Zietsman nie meer daarop gesteun nie, aangesien die betrokke artikel duidelik slegs handel met die eienaarskap van die handelsmerk en niks meer nie.
- [32] Die argument skyn korrek te wees dat Farmsecure klaarblyklik oor geen dokumentêre bewys beskik om sy aanspraak op eienaarskap van die vee te staaf nie. Hulle is meerdere male skriftelik uitgenooi om hulle eienaarskap te staaf met die nodige dokumente en bewys van betaling en fakture. Daar is tot op datum nie daaraan voldoen nie, nie eers in die lang repliserende verklaring wat Farmsecure ingedien het nie. Dit kan net nie korrek wees dat alle vee wat met die betrokke brandmerk gemerk is, die vee van Farmsecure is nie. Farmsecure self erken dat daar ander bees is wat ‘n ander brandmerk het wat dan nie hulle vee kan wees nie. Die trust het verduidelik waarom al die vee die betrokke brandmerk gehad het. Voorts het Absa Bank op 28 September 2011 geld aan die trust voorgeskiet vir aankope

en is daar bedrae van R16 229 709,90 op 1 Desember 2011, R6 373 396,22 op 15 Desember 2011 en R2 256 937,06 op 5 Januarie 2012 betaal vir vee wat die trust aangekoop het.

[33] Al hierdie vee was aangetref op die plaas van die trust toe die Balju daar opdaag en die Balju daarop beslag gelê het en aan Absa oorhandig het. Die enigste vermoede wat tans hier werkbaar mag wees, is dat die besitter van 'n roerende saak vermoed word die eienaar daarvan te wees en dan is die bewyslas op die persoon wat beweer dat hy eiendomsreg oor die betrokke saak beskik.⁵

[34] In die vooropstelling is ek van oordeel dat Farmsecure nie 'n saak uitgemaak het dat hy eienaar is van die vee wat met sy brandmerk gemerk is nie en daarom is die aansoek afgewys met koste.

J.Y. CLAASEN, WND R

Namens die applikant: Adv. P. Zietsman SC

Adv. N. Snellenburg

In opdrag van:

Honey Prokureurs

BLOEMFONTEIN

Namens eerste respondent: Adv. J.P. de Bruin SC

Adv. P.J.T. de Wet

Symington & De Kok

Namens tweede en derde

respondente: Adv. A. Danzfuss SC

Adv. J. Zietsman

Christo Dippenaar Prokureurs

/sp

¹Van der Merwe: Sakereg (2de Uitgawe) p. 301 – 305.

²TRUST BANK VAN AFRIKA BPK v WESTERN BANK BPK EN ANDERE NNO 1978

(4) SA 281 (A) op 301 H – 302 A.

³AIR-KEL (EDMS) BPK H/A MERKEL MOTORS v BODENSTEIN EN 'N ANDER 1980

(3) SA 917 (A) op 922 E – F en 923 H.

4Van der Merwe, (supra),

p. 321 – 322.

5EBRAHIM v DEPUTY SHERIFF, DURBAN AND ANOTHER 1961 (4) SA 265 (ND); RUSKIN, NO v THIERGEN 1962 (3) SA 737 (A) op 745.

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2012/44.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/unknown-plaintiff-v-unknown-defendant-ownership-of-movable-property-afshc-2012-772-2012>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria